**Bekamp populisme, polarisasie en post-waarheid om demokrasie te beskerm**

**Kira Alberts***

Met Suid-Afrika se viering van 30 jaar van demokrasie, is daar geen twyfel dat ons ver gevorder het nie. Vanjaar se verkiesing het 'n beduidende verskuiwing in die Suid-Afrikaanse politiek gebring: die eens dominante ANC het sy meerderheid verloor, en 'n regering van nasionale eenheid (RNE) hou nou die leisels. Alhoewel hierdie koalisie met 'n redelike mate van onsekerheid kom, is daar ook 'n gevoel van versigtige optimisme. Miskien – net miskien – is ons op die rand van iets beters. Maar onderliggend aan hierdie optimisme is dit van kardinale belang om te erken dat ons demokrasie ver van veilig is.

Varieties of Democracy, 'n wêreldwye navorsingsorganisasie wat demokratiese gehalte meet, het Suid-Afrika onlangs beskryf as 'n "net-net vrygespringde outokrasie". Die spontane reaksie kan dalk wees: *"Ons? 'n Outokrasie? Maar ons stem!"*

Ja, ons stem. Maar demokrasie is soveel meer as dit, en Suid-Afrika mis die teiken op verskeie kritieke fronte. In plaas daarvan om ons welbekende worstelings – ekonomiese ongelykheid, korrupsie, staatskaping, ens. – opnuut op te dis, wil ek 'n nuwe perspektief bied ter viering van vanjaar se Internasionale Dag van Demokrasie op 15 September.

Moisés Naím, in sy boek *The Revenge of Power: How Autocrats Are Reinventing Politics for the 21st Century* (2022), identifiseer drie groot kragte wat demokrasieë wêreldwyd erodeer: populisme, polarisasie en post-waarheid-politiek. Dit is nie net abstrakte akademiese konsepte nie; hulle staar ons reg in die gesig hier in Suid-Afrika.

**Populisme** floreer op die belofte van "mag aan die mense", maar gewoonlik eindig dit daarmee om mag in die hande van 'n paar individue te konsolideer. In Suid-Afrika het populistiese retoriek 'n politieke omgewing geskep waar leiers die frustrasies van die massa uitbuit terwyl hulle alles moontlik doen om aanspreeklikheid te vermy.

Die grootste en mees ooglopende voorbeeld is die nadraai van die staatskaping-era. Diegene wat by korrupsieskandale betrek is – Jacob Zuma kom by mens op – het daarin geslaag om die narratief op sy kop te keer en hulself as slagoffers van elite-sameswerings uit te beeld. En hulle kom daarmee weg.

Meer onlangs het ons gesien hoe dieselfde spelreëls gebruik is met die opkoms van die MK Party (MKP), 'n nuwe speler op Suid-Afrika se stampvol politieke toneel. Die MKP, in geval jou aandag dalk elders was, het omstrede figure soos Brian Molefe, voormalige uitvoerende hoof van Eskom, en Siyabonga Gama, voormalige uitvoerende hoof van Transnet, aangestel, wat albei teregstaan op aanklagte van bedrog en korrupsie. Hoe regverdig hulle hierdie keuses? Maklik. Hulle beweer hierdie leiers is onregverdig deur die Ramaphosa-geleide ANC en die neo-koloniale elite "uitgejaag". Dis populisme so reg uit die handboek: verwerp blaam, spin 'n sameswerings teorie, en moet nooit skuld erken nie.

Populisme is nie net 'n irritasie nie. Dis gevaarlik. Dit verdraai openbare woede en kanaliseer dit weg van die einste stelsels van aanspreeklikheid waarop demokrasie staatmaak. Selfs ons regbank, wat tot dusver nie gewankel het nie, is onder beleg. Ons het juis verlede jaar pogings gesien om die Konstitusionele Hof te ondermyn toe die hof nie wou saamspeel met die

populistiese agenda nie. En moet ook nie die Verkiesingskommissie vergeet nie, wat klaarblyklik die skuld kry elke keer as ’n party nie tevrede is met verkiesingsuitslae nie.

Wanneer aanspreeklikheid weggekalwe word, voel politici aangemoedig om te doen wat ook al hulle wil – gewoonlik ten koste van gewone burgers. En dis waar die verrotting dan regtig begin posvat.

Naím se tweede krag, **polarisasie**, word intens ervaar in Suid-Afrika se gefragmenteerde samelewing. Politieke, rasse- en ekonomiese verdeeldheid word steeds groter, aangevuur deur die nalatenskap van apartheid en diepe ekonomiese ongelykheid. Polarisasie verswak demokrasie deur ’n mentaliteit van “ons teen hulle” te skep, waar dialoog en konsensusbou byna onmoontlik word.

Ons hoef net na die partye oor die politieke spektrum heen te kyk om te sien hoe erg dit geword het. Die MKP probeer terugkrabbel oor sy Zoeloe- nasionalistiese retoriek, maar die skade is gedoen. Ander partye, soos die EFF, Patriotic Alliance of Vryheidsfront Plus, is vinnig om die vlamme van verdeeldheid aan te blaas wanneer dit hul belange dien. Die Demokratiese Alliansie word ook dikwels daarvan beskuldig dat hulle wit belange prioritiseer.

Suid-Afrika se sosio-ekonomiese ongelykheid is nie net ’n statistiek nie; dit is ’n geleefde ervaring vir miljoene mense. Desperaatheid kweek verdeeldheid, en populistiese leiers gryp hierdie desperaatheid aan en bied eenvoudige, dikwels verdelende, oplossings soos “buitelanders steel jou werk”; “die media is bevooroordeeld”; of “grondhervorming sal alles oplos”. Hierdie leë beloftes verdiep maatskaplike verdeeldheid, wat dit moeiliker maak vir die land om gesamentlik vorentoe te beweeg.

Dis ’n gevaarlike kringloop. Populisme voed op polarisasie, en polarisasie verswak op sy beurt die demokratiese strukture wat populistiese leiers aanspreeklik kan hou.

In vandag se **post-waarheid**-era word politieke diskoers meer gevorm deur emosionele oproepe as deur feitelike akkuraatheid. Suid-Afrika is geen uitsondering nie. Dit is die derde krag wat Naím identifiseer, en dit is een waaroor ons veral bekommerd moet wees.

Facebook en WhatsApp het primêre bronne van inligting vir groot dele van die bevolking geword. Hierdie platforms skep egter ook teelaarde vir disinformasie, met min of geen aanspreeklikheid vir valshede.

Die plundering en geweld in Julie 2021 is ’n voorbeeld daarvan. Soos die onrus ontvou het, is sosiale media oorval met fopnuus, met bewerings dat private milisies hoogty vier in townships, en ander wat gesê het die regering het self die chaos georkestreer. Hierdie verspreiding van disinformasie het vrees aangewakker en verdelings in die samelewing verdiep.

Populistiese politici is van die grootste oortreders wanneer dit kom by die verspreiding van disinformasie. Hoekom die moeite doen om die waarheid te vertel as ’n gerieflike leuen soveel beter werk? En die ding van groot leuens is, hoe meer gereeld jy hulle vertel, hoe meer begin mense dit glo. In ’n post-waarheid-wêreld word die lyn tussen werklikheid en fiksie so vaag dat feite hul krag verloor.

Die sameloop van populisme, polarisasie en post-waarheid-politiek is ’n gevaarlike trifekta wat dreig om die demokratiese fondament waaraan Suid-Afrika so hard gebou het, af te breek. So, waar laat dit ons?

Daar is veel om te doen en selfs meer om te verdedig. Dis te verstane dat Suid-Afrikaners uitgeput is – moeg vir beurtkrag, moeg vir leë beloftes en moeg vir die leuens. Maar die geskiedenis het gewys dat wanneer ons breekpunt bereik, ons verandering eis – en ons dit kry. Die eerste stap om ons demokrasie te laat herleef, is om oneerlikheid as die status quo te verwerp. Ons moet ons leiers verantwoordbaar hou vir hul dade en woorde, en daarop aandring dat waarheid en integriteit aan die hart van ons politieke kultuur moet wees. Leuens moet nooit as “politiek soos gebruiklik” verskoon word nie, en die vernietigende “3P’s” moenie in ons demokrasie verskans word nie.

Terwyl ons die Internasionale Dag van Demokrasie vier, moet ons onthou dat hoewel demokrasie broos is, dit ook veerkragtig is – as ons daarvoor baklei. Populisme, polarisasie en post-waarheid-politiek kan net veld wen as ons dit toelaat. Die volgende keer as ’n politikus vir ons ’n gerieflike leuen probeer verkoop, moet ons onsself daaraan herinner dat ons beter verdien.

***Kira Alberts is ’n meestersgraadstudent in Politieke Wetenskap en ’n navorsingsgenoot by die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) aan die Universiteit Stellenbosch.**